

Blink Boer

8 Augusts 2013 Jaar 1 Uitgawe 3

deel van die grond

Volgende Uitgawe 5 September 2013

Charlie Miniatuur Perd Stoetery

**Biodiesel
Maak jou eie**

**Kunsmatige
inseminasie**

Vleispryse

**Dagboek Om
Te Onthou**

**Swak Rand
Versnel
Trekkerverkope**

**Afriforum
Oor Weerdiens**

**Boerdery
In Tonnel**

**Top Vroue
Toekenning**

Top Vroue Toekenning: Finalis – Entrepreneur 2013



Dailena Hattingh

Dailena is die Besturende Direkteur van NviroTek Labs en was mede-verantwoordelik vir die aanvanklike besigheidsplan en stig van die Maatskappy (Een van die grootste laboratoriums in die wêreld). Sy was eers in die Tiger Foods groep werksaam as mikrobioloog en laboratorium bestuurder in die

voedsel industrie en het daarna oorbeweeg na die veevoer industrie as bestuurder kwaliteit. Sy was verantwoordelik vir die daarstel van 'n sentrale laboratorium vir Meadow voere noordelike streek en daarna een van die stigterslede van CAL Pelindaba en later ook Somerset Wes. Haar aanvanklike posisie by CAL was dié van operasionele direkteur en daarna is sy bevorder tot Hoofbestuurder. Sy het ook konsultasiewerk in die petroleum, agronomie en veevoer bedrywe gedoen. Dailena het haar B.Sc.Agric graad by die Universiteit van die Oranje Vrystaat verwerf en het onder andere kursusse in Bemaking (Damelin) en Algemene Bestuur (Universiteit van Pretoria) voltooi. Dailena

het wye bestuursondervinding in die laboratoriumbedryf en heg hoë waardes aan kwaliteit en dienslewering.

Maatskappy Profiel

NviroTek Laboratoriums is 'n nuwe, wêreldklas laboratorium wat net buite Brits in die Noordwes provinsie, geleë is. Ontledings van gronde, water, veevoer, kunsmis, kalk, groeimediums en plante word aangebied.

NviroTek beskik oor 'n uiters ervare span personelede, waarvan die tegnisi gesamentlik meer as 70 jaar se ondervinding in landboulaboratoriumtegnieke het.

Die beste beskikbare toerusting en tegnieke is geïmplementeer om aan internasionale standaarde vir kwaliteit en omdraaityd te voldoen. Die gebou is van die grond af beplan om te verseker dat die uitleg hom binne omgewings- en veiligheidsvereistes leen tot optimale vloei en prosessering van groot volumes monsters.

Hierdie onafhanklike maatskappy bied alle analitiese dienste aan die breër landbousektor reg oor Suider-Afrika aan.

Wees 'n *ingeligte* landbouer

Meet jou insette en **verhoog** so jou opbrengste

NviroTek, 'n wêreldklas-laboratorium bied:

- Landbou ontledingsdienste aan Suider-Afrika wat aan internasionale standaarde voldoen
- Ontledings van gronde, blare, kunsmis, kalk, groeimediums, water en veevoere
- Betroubare resultate binne aanvaarbare omdraaitye
- Onafhanklike inligting om die regte bestuursbesluite te neem



NviroTek
Labs

☎ 082 8890139 / 012 2527588 • ☎ 086 683 7781

www.nviroteklabs.co.za

Blink Boer

-deel van die grond-

Voorblad: Charlie Miniatuur Perd Stoetery

Redakteur:
Russel De Beer

Advertensies en
uitleg:
Elna Hartzenberg
074 994 9409

Tel: 012 250 1920
E-pos: ads@blinkboer.co.za
Winkel nr. 18 Platinum Mall, Brits

Charlie Miniatuur Perd Stoetery

Carol Ann Janse van Rensburg het in 2002 begin net met 3 perde....

Sy was vandat sy kan onthou al met perde betrokke en Charlie Miniatuur Perd Stoetery is een van vele boerderye en stokperdjies waarmee Carol Ann haarself besig hou. In 2004 het sy die boerdery as Charlie Miniatuur Perd Stoetery geregistreer. Sy beskryf die perdjies as uiters kindervriendelik en hul temperament is nie so onvoorspelbaar soos ponies nie. Die stoet het tans 14 perde en 7 merries moet vul.

In 2010 was Charlies Black Scorpion Senior kampioen hings en 2011 reserwe kampioen hings.

Haar ideaal is om fyn gebalanseerde kleintipe perde te teel met goeie karakter. Carol Ann het ook onlangs begin perde toerusting maak soos komberse, skouhalters, bootees, tefsakke en beksakke. Die miniatuur perde is oorspronklik geteel om karretjies in die myne te trek om die myntoerusting en kos vir die mynwerkers in te neem. Vandag word die perde as troeteldiere en skouperde geteel. Hulle kan deur kinders gery, inhandgeskou, gespring en ook gedryf word.

Sal dit nie te oulik wees om so 'n perdjie te hê vir 'n troeteldier nie?

Vir enige navrae skakel Carol Ann by 084 872 9895.



Biodiesel: Feite van 'n vervaardiger

Biodiesel is 'n brandstof wat met vrymoedigheid en sonder aanpassing in enige diesel enjin gebruik kan word, ongeag die grootte van so 'n enjin. Die brandstof kan vervaardig word uit plantolie, neute of sade, of diesulke olies eetbaar is al dan nie. Gebruikte kookolie, dierevet of organiese vette kan ook vir die doel gebruik word sonder dat dit die gehalte van die biodiesel sal beïnvloed.

Die spesifikasie vir biodiesel in Suid-Afrika is SANS 1935, gelykstaande aan die EU spesifikasie van EN 14214 sowel as die Amerikaanse spesifikasie van ASTM D-6751, en die gebruik daarvan word ondersteun deur NAAMSA (National Association of Automobile Manufacturers of South Africa). Biodiesel kan verder tot enige persentasie met gewone diesel (50 of 500 ppm – “parts per million of sulphur”) vermeng word. Enjins wat “50 ppm” diesel gebruik kan sonder wysiging na biodiesel oorgeskakel word aangesien biodiesel geen swaelinhoud het nie, m.a.w. “0 ppm”. Die aanvaarde beleid in Suid-Afrika is dat vir masjiene wat onder waarborg is 'n vermenging

van 5% biodiesel en 95% gewone diesel (standaard of lae swaelinhoud) gebruik word mits die biodiesel aan die SANS en die vermengde produk aan die SANS 342 spesifikasie vir gewone diesel voldoen. Sommige vervaardigers waarborg reeds enjins vir die gebruik van hoër graad vermengde biodiesel terwyl sekere trekker enjins reeds gewaarborg word vir die gebruik van 100% biodiesel – met uitsondering van enjins met standaard brandstofinspuiting. In dié tipe enjins kan 'n vermenging van hoogstens 20% biodiesel en 80% gewone diesel gebruik word.

Biodiesel voorsien 'n hoë kwaliteit smeer en reinigingsaksie. Daarbenewens is dit nie vlambaar, gevaarlik of giftig nie en is boonop bio-afbreekbaar. Biodiesel het 'n rakleefyd van 3 maande en word ten beste onderdak in 'n koel, droë plek en in 'n donker plastiese houer gestoor. Houers moet konstant ten volle gevul en dig verseël gehou word. Biodiesel, in 'n dieselenjin gebruik, laat 75% minder uitlaatrook en 78% minder CO2 vry.

Vervolg op bl. 6



PPS
MONITERING
& REAKSIE

Kylimax (Pty) Ltd t/a
PPS Monitoring & Reaksie
bestaan reeds vanaf 2009

PPS Monitoring & Reaksie bedien tans 'n kliënte basis met 600 aktiewe kliënte. Ons het onlangs Ranger Force Sekuriteit oorgeneem met 'n kliëntetal van 75 in die Sanddrift / Beestekraal omgewing. 200 Wagte bedien ook poste op 'n 24/7 basis. Ons maatskappy is geregistreer by volgende die rade.

PSIRA: PRIVATE SECURITY INDUSTRY REGULATORY AUTHORITY
Geregistreer vir: Sekuriteitsdienste Verskaffer volgens Seksie 21
Sekuriteits Konsultant Reaksie Dienstes
Sekuriteits Stealers installeerder
Sekuriteits Beheerkamer
Honde Opleiding
Honde Hanteerders Opleiding
Opleidingsentrum.

SAIDSA: SOUTH AFRICAN INTRUDER DETECTION SERVICE ASS.
Toegeken met volle Korporatiewe Gewapende reaksie Lid status.

ICASA: INDEPENDENT COMMUNICATIONS AUTHORITY OF SA
Radio lisensies geregistreer by ICASA met ons eie frekwensies
Tegniskuste gelisensieerd om radios te installeer.

SESSETA: SAFETY & SECURITY SECTOR EDUCATION AND TRAINING AUTHORITY
Toegeken met volle akkreditasie.

WERKNEMERS:
WAGTE: 200
Alle werknemers het SA burgerskap en is geregistreer by PSIRA.
Werknemers le algemene kennis toets af om te kwalifiseer vir aanstelling.
Poligraaf-toets word gedoen met aanstelling.
Dwel- en alkoholtoets word selektief gedoen op 'n gereelde basis.
Wagte word toegerus met volle uiform- en veiligheidsroerusting.
Wagte ontvang maandelikse opleiding.
Patrollering- en toegangsbeheer opleiding word deur hoogs gekwalifiseerde personeel gedoen.
Wagte is geplaas by permanente poste wat 24/7 beman word.

GEWAPENDE REAKSIE: 19 Permanente Offisiere
Alle reaksie Offisiere word intensief opgelei. Offisiere beskik oor
Sertifikasie in Wapen Bevoegdheid vir: Hantering en Gebruik van 'n wapen,
Hand wapen, Geweer, Carbine en Masjiengeweer hantering in besighede.
Reaksie dienste word gelewer op 'n 24/7 basis in duidelik gemerkte PPS voertuie.
Ons beskik tans oor 16 voertuie wat permanent in die veld beweeg. Voertuie is
toegerus met C-Track en twee-rioting radio-sisteme. Dit verseker permanente
kontak met ons Beheerkamer. Voertuie is ook toegerus met 'n kennel. Opgeleide
honde word saam met Reaksie Offisiere gebruik om te reageer op alarms.

BEHEERKAMER:
Die Beheerkamer is toegerus met volle standaard toerusting volgens SAIDSA en
PSIRA standaarde. Beheerkamer Operateurs is hoogs opgelei en die Beheerkamer
word 24/7 beman. Ons beskik tans oor 10 voltydse operateurs en nog
aanstellings word gedoen.

HONDE EENHEID EN HANTEERERS:
PPS beskik oor sy eie kennels, tans 26 DH 4 opleide honde. Honde word
saam met Reaksie Offisiere (DH 4 opgelei) om 'n gedugte span te verseker.
Opleiding vir honde en hanteerders word gedoen deur Brave Heart Academy,
n SASSETA geakkrediteerde opleidingsentrum.

TEGNIKUSTE:
Tegniskuste het almal PSIRA kwalifikasies. Hulle is ook by ICASA geregistreer
om radios te mag installeer. Opleiding word gereeld
verskaf om op hoogte te bly met die nuutste tegnologie.

PPS MONITERING & REAKSIE
Streef daarna om uitstekende diens en kwaliteit produkte te lewer teen
bekostigbare pryse. Ons streef daarna om by te dra tot die veiligheid van ons
kliënte en gemeenskap, asook om oplossings te vind om misdaad te bekamp



74 Harrington Straat **Tel: 012 252 1191 / 076 657 9459**
Brits **Faks: 086 620 0666**

Op die Agter Stoep

As dit van my afgehang het, het 'n jaar vir ewig aangehou. Daar is nie 'n einde nie en geen begin nie, daar is nie 'n Oujaarsaandpartytjie nie en daar is nie 'n Nuwejaarsoggend-kopseer nie. Jy neuk net aan. Vat nou maar Januarie. 'n Maand sonder enige identiteit.

Klomp hou vakansie, terwyl die

ander sukkel om hul werk gedoen te kry; want die spul wat die tjeks moet teken, lê nog op Margate se strand. Dan jaag almal huis toe met 'n spoed, terwyl pa kreun oor sy overdraft en ma die nuwe rolle om haar middellyf blou knyp. Die res van die maand eet almal viennas en droë Krismiskoek; want die kinders se skoolklere kos 'n plaas se geld. Arme, stomme Februarie. Nie eens genoeg dae om 'n ware maand te wees nie en kry toe maar Valentynsdag sodat hy nie sleg moet voel nie. Maart - nou ja, foei tog. Nog vis, nog vlees. Dis te koud vir somersklere en te warm vir wintersklere. Jy kry 'n vieslike griep en vergeet jou selfoon op die apteek se toonbank. Die kind dreig om universiteit op te skop en hom/haarself te gaan soek op 'n pelgrimsreis deur Indië. Dan is dit April. Immers is daar 'n paar vakansiedae wat die gemoedere opkikker. Die Kaap is te duur en Durban te warm. Dan maar Oudtshoorn toe vir die KKNK waar jy jou beursie in die biertuin, jou geduld by die kaartjieskantoor en jou balans by die brandewynstalletjie verloor. Mei wêreld. 'n Skoolhoof van Pretoria

word gevang vir dronkbestuur en sy vrou bieg oor haar dobbelprobleem, wat weer op sy beurt tot haar man s'n gely het. Die Creepy Crawly sluk 'n oordosis herfsblare in. Junie is nes Julie, jy spel hom net verskillend. Die verwarmers brand uit, die kaggel verstop en die warmwatersak lek. Skoonma kom kuier en die boerboel vreet haar nuwe skoene op. Julie het nog nooit die son gesien nie. Hy dra 'n gryns mus, 'n langpyponderbroek en stewels wat sy voete laat stink. Dis nat in die Kaap, droog in Gauteng en koud in die Vrystaat. Eintlik wou Augustus nog altyd September gewees het. Nou steel hy maar 'n paar bloeisels en 'n bietjie son om sy vaal gesig in te kleur. September is net 'n ander woord vir sinus. Meeste mense stik, stotter en snuif die maand deur. Pa val van die leer af terwyl hy die geute verf, en ma sluit by Weight Watchers aan, want die vakansie is net om die draai. Oktober - die mooiste, mooiste maand, maar terwyl die lente sy kleure en geure in 'n weerbarstige streep oor die landskap trek, klim die herinnering aan verspeelde dae onder jou gewete in. Die jaar is amper verby en wat het jy nou eintlik gedoen. Sweet blow or Bôgeroll! November begroet jou met 'n kakofonie van voortydige Krismisklanke. Ná drie doppe op die office party beledig jy jou baas en lê aan by die ontvangsdame. Op Guy Fawkes raak die hond, die huishulp en die tuinslang weg. Desember is die begin van die einde. Op Oukersaand gee pappa vir mamma 'n bottle "You're the Fire", en mamma maak vir pappa so warm dat hy Kersdag nog vonke doodslaan.

TYRE CORPORATION

Wikus 082 736 2151 Sales - 078 152 4320
Ferdie - 074 823 1490 Willie - 072 204 5554

What ever size you need...

Come to us



Efficiency supply, Delivery of lowest operating costs, Independently owned, freedom of brand choices
BEE accredited, committed to honesty and integrity, competent and skilled managers,
satisfying customer needs, 24/7 National Breakdown service

SERIOUS ABOUT TYRES . SERIOUS ABOUT SERVICE . SERIOUS ABOUT TYRES . SERIOUS ABOUT SERVICE

Biodiesel: Vanaf bl. 4



Biodiesel het 'n sterker Cetane-verhouding as gewone diesel, wat flinker aanskakeling en gladder verbranding bevorder – ook die rede waarom dieselenjins stiller funksioneer wanneer biodiesel gebruik word. Daarom kan daar sonder enige negatiewe effek op die masjien van

biodiesel na gewone diesel teruggeskakel word.

Wanneer biodiesel vir die eerste keer in 'n masjien gebruik word moet u daarop let dat a.g.v. biodiesel se sterk reinigingsvermoë, die aanpaksels/onsuiwerhede wat deur die gebruik van gewone diesel in die brandstoftenk- en pype nagelaat is, vrygestel en dan in die brandstofsuiweraar vasgevang word. Dit kan een of twee keer se tussentydse versiening/vervanging van die suiweraar genoodsaak. Die taaiheid van biodiesel word deur lae temperature (5°C of minder) beïnvloed, afhangende van die tipe olie wat met vervaardiging

gebruik is. Wenke vir die gebruik van 100% biodiesel:

- Parkeer die voertuig snags onderdak.
- Gebruik 'n vermenging van biodiesel/gewone diesel.
- Gebruik 'n teenstollingsmiddel.
- Maak gebruik van brandstofleiding verwarming.

Boere kan uitgawes besnoei deur biodiesel of 'n vermenging van biodiesel en gewone diesel te gebruik. 'n Verdere besparing kan ook bewerkstellig word deur self biodiesel te vervaardig. "Green-diesel" van Kaapstad voorsien biodiesel vervaardigingstoestelle met 'n kapasiteit van 80 tot 5000 liter.

Biodiesel is 'n alternatiewe brandstof wat gekom het om te bly en soos dit meer gereedlik beskikbaar word sal dit bydra tot vermindering van vervoerkostes. Kontak die "National Biodiesel Board (NBB)" of besoek die webtuiste www.biodiesel.org vir besonderhede aangaande verspreiders.



BULLS

GEHALTE VERMAAK GEWAARBORG...

- VIR DIE AFRIKANER !
- BRAAIGERIEWE – HOUT GRATIS AS JY BRAAI
- DEKKE MET TAFELS BUIE
- POOL TAFELS
- RUGBY OP GROOTSKERM
- DANSVLOER OP VRYDAG EN SATERDAGAANDE
- DANS MET DJ RED !
- BESKIKBAAR VIR FUNKSIES
- BACHELOR 'EN' BACHELORETTE' PARTYTJIES
- KONTANT KROEG MET ETES BESKIKBAAR
- GROOT PARKERING
- ELKE WOENSDAGAAND KARAOKE MET EVERT SWART
- VANAF 20 H OO

KONTAKPERSOON : PIERRE

072 784 8429

DXD

BUILDING CONSTRUCTION AND PROJECTS

VERVOER

AA

Tariewe:



NISSAN CABSTER 1.5 Ton
HYUNDAI 4 Ton

Wynand

083 300 0886

wynand.dxd@gmail.com

SKAKEL VIR GRATIS KWOTASIE

ONS HET Mengers, KOMPRESSORS, DRAAIBANKE
VREESMASJIENE, CO2 SWEISERS, INVERTORS, KRAGOPWEKKERS

PRAKTIESE PUNTE VIR KUNSMATIGE INSEMINASIE EN HITTE SINKRONISASIE PROGRAM

Deur Dr Morné de la Rey, Embrio Plus

Dragtigheid is seker die belangrikste faktor in beesboerdery, of dit nou vleisbeeste of melkbeeste is!

Daarsonder is daar geen produksie nie.

Dit is belangrik om 'n koei dragtig te kry, dragtigheid te behou en 'n gesonde kalf in die lewe te bring.

Hiermee saam wil jy hê dat die kalfinterval so laag as moontlik is. 'n Koei moet ten minste jaarliks kalf.

Om aan hierdie vereistes te voldoen moet die algemene bestuur reg wees.

1. VOEDING

- Koeie en verse is meer vrugbaar in 'n stygende voedingstoestand – gebruik produksie lek.

2. KONDISIE

- Kondisietelling van 2½ - 3 is die beste. Baie maer en oorvet beeste is laer vrugbaar.

3. Minerale soos fosfaat, kalsium en sout moet saam met spoorelemente soos selenium, sink, mangaan, magnesium, koper en kobalt voldoende wees.

4. Vitamine A en E is van groot belang.

5. SEISOEN

- Kies die dekseisoen sodat die voedingsomstandighede die voordeligste is vir konsepsie, maar ook vir kalwing.

6. Toets u koeie en bulle vir geslagsiektes voor die

dekseisoen. Soos Besmetlike misgeboorte, Trichomoniasis en Campylobacter.

7. INENTINGS:

- Sorg dat die beeste geënt is voor die aanvang van die K.I. seisoen vir nodige siektes. Veral vir siektes wat aborsies kan veroorsaak soos BVD.

8. Wanneer bulle gebruik word, laat hulle toets vir vrugbaarheid

Kunsmatige inseminasie kan 'n baie belangrike plek vul.

VOORDELE VAN K.I.

1. Vergemaklik algehele bestuur van die kudde.

2. Skakel siektes deur bul oorgedra uit soos Trichomoniasis en Campylobacter.

3. Kan semen gebruik van groter verskeidenheid van bulle en semen van genetiese hoër waarde as meeste bekostigbare bulle. Of spesifieke eienskappe om by spesifieke koeie te pas. Ook kalwingsgemak bulle vir verse ens.

Vervolg op bl. 8

Stand 36 De-Wildt
Rosslyn Brits
Main Road (R566)

ELITE STEELHOUSES

Essential Group

Specialising in Bargain Steel Houses

Tel: 012 000 0085

Faizel: 079 496 1648
Mohammed: 082 768 6030
Farouk: 082 627 9916

REST ASSURED!
We are a traceable, reputable company!

renie@vodamail.co.za

Weekdays: 08:30 - 17:30
Saturdays: 09:00 - 15:30

Chicken Houses	Steel Houses	Steel Storages	Angle iron	Concrete Houses
 <p>6m X 4m R6 900 12m X 4m R11 300 18m x 4m R18 360 24m x 4m R20 5550 30m X 4m R26 500</p> <p>INFRARED HEAT LAMPS 175W + fitting weather resistant</p> <p>Bell Dinker R185.00</p> <p>Tube feeder R145.00</p> <p>chicken Transport Crate R450.00</p>	 <p>N.B. Houses do not include Glass & Floors</p> <p>2.7m X 3m ((1 Room 1 window) R2 650 2.7m X 6m ((1 Room 2 window) R4 450 2.7m X 6m ((2 Room 2 window) R4 750 2.7m X 9m ((3 Room 3 window) R6 500 2.7m X 12m ((4 Room 4 window) R8 500 4m X 4m ((1 Room 1 window) R6 500</p>	<p>2.7m X 3m R2 600 2.7m X 6m R4 650 2.7m X 9m R5 890 4m X 4m R4 100 4m X 6m R5 670 4m X 9m R7 995 4m X 12m R10 200</p> <p><i>Steel storages do not include partitions or windows We deliver nationwide</i></p>	<p>25 X 25 R55 30 X30 R79 40 X 40 R107</p> <p>Roof Sheeting Corr 0.27 FH R22.50 Corr 0.3(610mm) FH R23.50pm Corr 0.4(762mm) FH R39.99pm Corr 0.5(762mm) FH R47pm Corr 3.6/12FH R55pm</p>	<p>Stop Nonsense / ConcreteHouses Available!</p> <p>2 Room + Bathroom 7.5m X 3m Other Sizes Available R27 500 PTA Delivery</p>  <p>1 Room + Bathroom 4.5m X 3m Other Sizes Available R21 500 PTA Delivery</p> 
	<p>steel combination Door R495</p> <p>Veld Toilet R650</p>  	<p>1.8 D/Mesh 30m R499</p> <p>1.2 D/Mesh 25m R335</p> <p>Flat Wrap Razor wire 500mm R199 /mt K/Standard 2.4m R52</p>	<p>Farm Gates 4m X 1.2 R599 4m X 1.8 R699</p> <p>Barbed wire Single 845m R435 Double 540m R725</p> <p>Corner posts R99 Stays 2.4m R49</p>	<p>Gates 1.8X6.0 dbl R799 1.8X3.0 dbl R399 1.2X3.0 dbl R325 1.8X3.6 dbl R499 1.8X0.9 single R225 1.2X0.9 single R175</p> 

Unbeatable Specials.....

FRIENDLY SERVICE, ADVICE AND MORE....

KUNSMATIGE INSEMINASIE vanaf bl. 7

Deur Dr. Morné de la Rey, Embrio Plus

VEREISTES VAN SUKSESVOLLE K.I.

1. Pas al die voorgenome reëls vir vrugbaarheid toe.
2. Gebruik goeie kwaliteit semen wat getoets en gesertifiseer is.
3. Volg die higiëniese reëls vir K.I. nougeset.
4. Koeie en verse moet kalm hanteer word tydens K.I.
5. Fasiliteite moet geskik wees om beeste effektief te hanteer en te insemineer.
6. Een van die belangrikste vereistes vir suksesvolle K.I. is goeie kwaliteit semen. Al kos semen ook wat, maak eers seker dat die semen aan die vereistes voldoen en vry is van aansteeklike siektes.

PROBLEME VIR K.I.

1. Al die voorgenome vereistes kan ook probleme wees as dit nie nagekom word nie.
2. Dit plaas addisionele las op administrasie soos rekordhouding en die nakom van vereistes.
3. Dit verg ekstra arbeid en tyd vir hitte observasie. Dit kan oorbrug word deur hitte sinkronisasie toe te pas en dan vaste tyd K.I. (FTAI –fixed time artificial insemination).

4. Baie virus siektes kan versprei word met die gebruik van semen van bulle wat nie getoets is vir nodige siektes nie.

HITTE SINKRONISASIE

Verskeie metodes word toegepas. Hiervan is die gebruik van progesteron implante soos “Crestar oorimplant - Intervet” of “CIDR intravaginale implant - Pfizer” die algemeenste.

Ander metodes met Prostaglandien en GnRH werk ook maar in my opinie nie so goed soos die Progesteron implante nie.

VEREISTES VIR SINKRONISASIE EN K.I. SUKSES

1. Kom al die voorgenome vereistes vir vrugbaarheid en K.I. na.
2. Laat u koeie en verse ondersoek deur ‘n veearts om te bepaal of hulle in siklus is en daar geen abnormaliteite of infeksies teenwoordig is nie.

Vervolg op bl. 12

Emoe Boerdery In Noordwes

Jakes & Susan Engelbrecht en James & Carol Cronjé, het in 1999 met Emoe voëls begin boer. Ons Emoe-plaas is 25km buite Potchefstroom op die ou Carltonville-pad. Die publiek kan vooraf ‘n afspraak maak om die plaas te besoek. Dit is ongelooflik om te glo, maar emoes is baie gehard en maklik om te hanteer. Take bestaan hoofsaaklik daaruit om hulle te tel, elke voël se gedrag en voorkoms in die algemeen te beoordeel, hul water skoon te maak en twee keer ‘n dag kos te gee.

In ons emoe-fasiliteite word voëls aangehou van pas uitgeboreide kuikens tot 6 jaar oue broeivoëls (afhange van die tyd van die jaar). Die lê-seisoen begin middel tot laat April tot die einde van September. Ons versamel hul eiers elke aand en vroeg in die oggend. Die eiers is donker groen-blou en lyk baie soos avokadopere. Die eiers word dan gemerk en gestoor vir uitbroeiing. Die eiers word daaglik drie keer groter in die broeimasjiene.

Sodra die kuikens uitbroei, word hulle vir vier dae in ‘n verhitte kamer gehou. Daarna word hulle in ‘n verhitte kamer in die nag gehou. Hulle gaan in die dag uit (as die weer dit toelaat) vir die son se Vitamine D totdat hulle groot genoeg is (en die weer warm genoeg) om buite te bly. Dit gebeur gewoon-

lik wanneer hulle agt tot tien weke oud is. Die kuikens word grootgemaak tot hul 14 maande oud is en lewer 10 tot 14kg vet, wat dan geprosesseer word in ‘n olieraffinadery tot emoe-olie. Hoewel ons voëls baie mak is, sal hulle altyd wilde diere bly. Die vleis stem is soortgelyk met dié van die volstruis – rooi vleis wat laag is in cholesterol. Emoe-vleis kan in die Spar by Rustenburg Square gekoop word en is op die spyskaart in Hartley’s Pub in Rustenburg. Die velle is sag, soepel en geskik vir klere. Ons maak pragtige leerartikels soos handsakke en beursies.





Go Further

Ford Fiesta EcoSport is hierdie week in Suid-Afrika vrygestel. Van die twee petrolenjins wys die nuwe driesilinder-EcoBoost van 1,0 liter dat die neiging van 'n turbodiesel as logiese topmodel nie meer vanselfsprekend is nie.

Die 1.5 Ti-VCT met die topspesifikasievlak (Platinum) is die enigste met die outomatiese dubbelkoppelaar- sesgang- 'kas, terwyl die intreevlak-petrolmodel soos die res van 'n Indies-vervaardigde vyfgang-handratkas gebruik maak.

Die 1.5 TDCi sal net soos die 1.0 EcoBoost oor Trend- en Titanium-afwerkingsvlakke beskik.

Die EcoSport sal saam met die Figo in Chennai, Indië gebou word (die Figo is mos die ou generasie Fiesta).

Afgesien van die moderne EcoBoost-enjin is die boukoste vir dié buks dus laer, omdat hy 70% Indies is. Die Brits-ontwerpte enjintjie kom van Duitsland.

Die dieselenjin, op sy beurt, word in Indië gebou, en so ook die handratkas.

BRITS



Go Further



met harde plastiek op die instrumentepaneel en 'n baie goed geseëde binneruim. Hy het nege bottelhousers en 'n spesiale bēreplekkie vir 'n skootrekenaar.

Knieruimte agterin is voldoende en heel agterin is daar net 70 liter meer pakplek as in die Fiesta. Die spaarwiel op die agterdeur los plek oop onder die bak. 'n Oop agterdeur bied darem 'n gat van 1,1 meter breed by 0,9 m hoog en daar is 12V-konnek-sies voor- en agter. Die agterbank kan platvou én vorentoe wegrol.

Die EcoSport het nog nie aan botstoetse deelgeneem nie, maar hy behoort baie goed te vaar. Hy het ses lugsakke, 'n elektroniese stabiliteitsstelsel en kan meer as 'n halfmeter diep waad danksy 20 cm se grondvryhoogte. Die topmodel kry ook wegtrekhelp teen op- en afdaandes.

Die EcoSport is vele rygoed in een: 'n sportnuts en stadsryding, maar bowenal 'n Fordjie met hope karakter.

ECOSPORT

Benewens goeie krag van laag in elke rat, gebruik hy ook slim teenbalanse ring omdat daar geen balanseerstaaf is nie. Op die oop pad voel die enjin se verrigting glad met amper geen turbo-traagheid nie, maar jy moet die toere hoog hou. Ford maak aanspraak op 'n lekker breë, plat wringkrakurwe, stille en puik ekonomie.

Dit was ook maklik om die Fiesta in hom te voel, aangesien hy dieselfde onderstel gebruik. Die buks se billike grondvryhoogte lei nie tot swakker hantering nie. Hy leun nie rond om vin-nige draaie nie en stuurwerk, wat ook van die Fiesta kom, is lekker lig en met 'n bietjie stuurtraagheid vir veiligheid. Binne sit hy sy Fiesta-karakter voort en die rooi gestikte leer is 'n wenner.

Mark: 082 300 5083
Wikus: 082 394 1085

Liza: 072 956 0065
Nichol: 071 863 5233



There's more
to discover

Vehicle appearance and specifications may change at introduction



Go Further

BRITS

VAN DEVENTER STRAAT 3
BRITS TEL: 012 252 3333



Go Further

Alle bogenoemde transaksies is onderhewig aan bekostigbaarheid en kredietgoedkeuring deur 'n gemagtigde finansiële dienste en kredietverskaffer. Verpligte versekering is nie ingesluit nie. Pryse onderhewig aan verandering sonder kennisgewing. Bepalings en voorwaardes van toepassing. Admin en bankfooe uitgesluit.

DHR Services-staatmaker diens!



DHR Services Brits het oopgemaak op 04 Julie 2012 om diesel en olie te verskaf. DHR Services Brits is hulle tweede tak, die eerste tak is gestationeer in Klerksdorp en hy is in werking al vir die afgelope 6 jaar, 24 uur sewe dae 'n week. Hulle is Truck Fuel Net (TFN) diensverskaffers wat vervoer-maatskappye

landswyd in Brits en Klerksdorp diens. Hulle verskaf ook diesel aan die boere gemeenskap, vervoer-maatskappye sowel as aan die publiek. DHR kan tot 200km radius aflewering doen, en is 24 uur, 7 dae per week beskikbaar.

Daar is oornag fasiliteite beskikbaar vir die trokke sowel as gratis stort en toilet geriewe vir alle kliënte. Die perseel het sekuriteits fasiliteite deur ADT. DHR Services Brits het ook 'n kontant kafee op die perseel wat oop is vanaf 06:00- 06:00 Maandag tot Saterdag, en beplan om die toekoms 24 uur diens te lewer. Oprigting van dieseltenks en -pompe is ook beskikbaar op aanvraag. Hulle wil ook graag dankie sê aan al hulle kliënte vir die ondersteuning die afgelope jaar, dit word opreg waardeer!

Vir enige navrae kan u gerus skakel:

Brits: Frans Van Tonder (084) 674 7477

Kantoor: (087) 630 0590

E-mail: dhrbrits@gmail.com

Klerksdorp: Sakkie Nienaber (082) 875 8151

Kantoor: (018) 462 1387

Email: dhrservices@telkomsa.net

DHR SERVICES

VIR ENIGE NAVRAE KAN U GERUS SKAKEL

Brits: 084 674 7477 (Frans), Kantoor: 087 630 0590

Klerksdorp: 082 875 8151 (Sakkie), Kantoor: 018 462 1387



“ULTIMATE DIESEL THAT`S TRUE AND UNMATCHED”

E-mail: dhrbrits@gmail.com (Brits), dhrservices@telkomsa.net (Klerksdorp)

Madibeng-speaker geskors

Die burgerregte-organisasie AfriForum het vandag aangekondig dat die toenemende druk wat op die Madibeng Munisipaliteit in Brits én die ANC toegepas is oor bedrog en misdrywe uiteindelik vrugte afgewerp het. Dit volg nadat die speaker van die raad, mnr. Buti Makhongela, geskors is nadat hy na bewering aan verskeie misdrywe in sy termyn as speaker skuldig was.

Mnr. Makhongela is al vantevore van misdrywe soos bedrog by Madibeng verdink. AfriForum het op 4 Julie 2013 'n verslag bekendgemaak wat deur die vorige minister van samewerkende regering en tradisionele sake, Richard Baloyi, se taakspan opgestel is. Die verslag is deur mnr. Makhongela gemanipuleer omdat hy self daarin identifiseer word as 'n munisipale beampte wat ondersoek moet word vir interne misdrywe en kriminele aktiwiteite.

“Mnr. Makhongela het doelbewus die raad mislei wat verhoed het dat die raad die regte besluite kon maak

oor amptenare wat skuldig is aan wanbestuur en misdrywe,” het Ian Cameron, AfriForum se organiseerder in Noordwes gesê. AfriForum het mnr. Makhongela se skorsing as 'n oorwinning beskryf en meen dat dit 'n waarskuwing moet wees vir amptenare wat dink hulle het die reg om inligting van openbare belang van gemeenskappe te weerhou. AfriForum versoek verder dat die munisipale raad mnr. Makhongela ook strafregtelik aankla vir sy beweerde betrokkenheid by kriminele aktiwiteite binne Madibeng.

“Ons wil hê mnr. Makhongela moet geskors bly sonder betaling totdat alle hangende sake teen hom afgehandel is,” het Cameron gesê.

AfriForum moedig gemeenskappe aan om betrokke te raak in die openbare debat om te verseker dat hulle regte beskerm word. Raak betrokke by AfriForum om vir jou dorp 'n beter toekoms te verseker! SMS jou dorp se naam na 31336 om aan te sluit. 50c/SMS.

Die Hoërskool Brits



Die Hoërskool Brits het eintlik gegroei uit die enigste skool wat in 1928 in Brits bestaan het, naamlik die Brits Goewermentskool. Onderrig is hier van Graad 1 tot standaard 6 gegee, en die hoof was Mnr H F Wichman.

Aan die begin van 1929 is st 7 tot die skool toegevoeg en was daar 25 leerlinge in die klas. Maar die leerlingstal het vinnig gegroei, want die enigste ander skole wat vir hoërskoolleerlinge voorsiening gemaak het, was in Pretoria. Soos die klasse gegroei het, moes daar ook vir die volgende standaard voorsiening gemaak word, en gevolglik is daar geleidelik hoër klasse tot die skool toegevoeg, en moes daar 8 jaar later magtiging van die onderwysdepartement verkry word om 'n matriekklas te begin. Dit is toegestaan en op 18 Januarie 1937 is met 17 leerlinge 'n begin met die eerste matriekklas gemaak. Die verkryging van hoërskoolstatus vir die hoër afdeling van die Brits Goewermentskool was onderhewig aan 'n proef tydperk van 5 jaar. Derhalwe het die skool eers in 1942 volwaardige hoërskoolstatus verkry.

Omdat daar nie 'n geskikte skoolsaal was nie, is die ingebruiksnemingsfunksie in die plaaslike bioskoopsaal gehou. Paaie was in daardie jare nog nie geteer nie, en tydens die reënseisoen was die driewe deur

spruite en riviere onbegaanbaar. Op sulke dae het dit dikwels gebeur dat die skoolbesoek slegs 47% was. Op 3 Februarie 1944 het die water van die Krokodilrivier, na langdurige reëns, so hoog gestyg dat die polisie opdrag gegee het dat die hoërskoolkoshuis wat toe ongeveer regoor die terrein van die huidige graansilo's geleë was, ontruim moes word omdat daar gevrees is dat dit oorstroom sou word.

In daardie stadium het daar 'n stroom van ongeveer agt voet oor die wal van die Hartbeespoortdam geloop. In die eerste jare het die leerlingstal vinniger toegeneem as wat geriewe voorsien kon word, en omdat daar nie genoeg klaskamers was nie, moes daar in een stadium van 6 tente gebruik gemaak word, en is daar later selfs in die skaduwee van 'n groot doringboom skoolgehou.

Op 22 Mei 1945 is die tender van die bouaannemers Van Heerden en Johnson aanvaar vir die oprigting van die huidige hoërskoolgebou. Die oprigtingskoste sou R91 780 bedra, en daar is dadelik begin met die bouwerk.

Die skool se sportgeledere het etlike Springbokke opgelewer: Jan Harm Steenkamp – gimnastiek; Jaap Bekker – rugby; Martiens Bekker – rugby; en vir korfbal – Charlotta Malan, A. Barnard, R Barnard, I Luther En M Luther.

KUNSMATIGE INSEMINASIE volg vanaf bl. 8

Deur Dr Morné de la Rey, Embrio Plus



VOORDELE VAN SINKRONISASIE

1. Nie nodig om hitte observasie deurentyd te doen nie. Veral met die gebruik van Crestar word die hitte siklus met ovulasie na 'n spesifieke tyd getrek sodat K.I. op so 'n gegewe tyd gedoen kan word.

2. As gevolg van hierdie sinkronisasie word die algemene praktyk van die boerdery baie makliker, deurdat koeie en verse in 'n beperkte tyd kalf vir observasie en hantering.

Die ander aktiwiteite soos onthorings, speen, kastrasies, ontworming en inentings kan beter in groepe van dieselfde ouderdom gedoen word.

3. Ander hormone om geslagsaktiwiteit en konsepsie te verhoog kan gelyktydig gedoen word soos:

- Dragtige merrieserum vir gebrekkige follukulêre ontwikkeling.
- Prostaglandien om luteale weefsel te verwyder.
- Gonadotrofiëse vrystellingshormoon om ovulasie te bewerkstellig.

VOORBEELD VAN 'N SINKRONISASIE EN K.I. PROGRAM MET CRESTAR

DAG 0 - CRESTAR INPLANT in met VIT ADE en MULTIMIN met Cu en Se insputings

DAG 8 - Prostaglandien (Estrumate 2 ml)

DAG 10 - CRESTAR INPLANT uit plus FOLLIGON 300 IE – wanneer aanbeveel

DAG 12 - 1ste K.I. – 48 uur na inplant uit plus GnRH (2½ ml FERTIGYL of 5 ml CHORULON – Intervet) – wanneer aanbeveel

2de K.I. – 8 -12 uur na 1ste K.I.

VOORBEELD VAN 'N SINKRONISASIE EN K.I. PROGRAM MET CIDR

DAG 0 - CIDR INPLANT in + 2ml Estradiol Bensoaat (Ciderol) met VIT ADE en MULTIMIN met Cu en Se insputings

